HERVORMING in spiritualiteit

Danie Dreyer

As 'n bydrae tot die gesprek oor die sogenaamde Nuwe Hervorming het 'n diensgroep van die Sinode van Oos-Transvaal onlangs 'n geleentheid gereël waar daar saam met die pleitbesorgers van die Nuwe Hervorming oor Hervorming in Spiritualiteit gesels is. Dr Danie Dreyer is 'n predikant van die NG gemeente Tygerpoort in Pretoria en bied hier 'n uittreksel.

Daar is verskillende vlakke van spiritualiteit wat soos konsentriese sirkels uitkring van 'n meer besondere spiritualiteit na 'n meer algemene spiritualiteit.

Spiritualiteit in die wydste sin:
Dit is die verstaan en ervaar van 'n verhouding met 'n Godheid (bonatuurlike mag), hetsy positief of negatief, in die lig van die bronne en tradisie waaruit 'n persoon leef en van sy/haar besondere konteks en eie persoonlikheid. As sodanig is spiritualiteit 'n universeel menslike ervaring, maar ook tegelykertyd 'n unieke persoonlike ervaring.

Christelike spiritualiteit:
Hier word bygevoeg dat spiritualiteit die verstaan en ervaar is vanuit 'n persoon se verhouding met God drie-enig in Jesus Christus deur die Heilige Gees.

Christelike gereformeerde spiritualiteit:
Hier word die optrede van God verder bepaal deur die Woord van God en die gereformeerde tradisie.

HERMENEUTIESE PROSES

Spiritualiteit is in wese 'n voortgaande verstaans- en ervaringsproses waar God en mens binne 'n spesifieke konteks in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Hierdie verhouding word ingeklee vanuit elke mens se eie persoonlikheid en tradisie. Die hermeneutiese proses is daarom nie neutraal nie, maar word gedra deur 'n verhoudings-as en 'n spiritualiteits-as (vergelyk die diagrammatiese voorstelling).

• Konteks

Die konteks waarin mense leef is nie 'n enkelvoudige óf .... óf nie, maar 'n meervoudige én ... én: Pre-modern én modern én post-modern én ....; tradisioneel én progressief én...; Oosters én Westers én Afrika én ...; oud én jonk én ...; persoonlike agtergrond én belangstelling en wetenskaplike vorming én plaaslike omstandighede én internasionale blootstelling én .... . Mense maak voortdurend hul keuses vir 'n bepaalde spiritualiteit op grond van die ervaring van hul eie konteks. Spiritualiteit as verhoudingsgebeure is nie 'n statiese gegewe nie, maar 'n dinamiese proses wat subjektief binne 'n bepaalde konteks funksioneer.

• Persoonlike ervaring

Spiritualiteit as die "instinkte van die siel" of die "taal van die hart" verskil na gelang

van mense se persoonlikhede of temperamente, agtergronde en opvoeding. Daar is "tale van die hart" waarmee 'n mens gemaklik is en ander waarmee jy minder gemaklik is. Geen "taal" is absoluut nie. 'n Oorbeklemtoning van 'n bepaalde spiritualiteit lei dikwels tot 'n reaksie waar 'n ander spiritualiteit dan weer oorbeklemtoon word.

Estetiese taal

Die plegtige of statige met die klem op die majesteit en heerlikheid van God en die skoonheid van die kunste, orde en tradisie.

Ervaringstaal

Die teenwoordigheid van God moet gevoel word, met die klem op blydskap soos dit tot uitdrukking kom in die emosionele en fisiese meelewing.

Aktivistiese taal

God word ontmoet in die dinge wat mense vir Hom doen as die Skeppergod wat lewend en werksaam is: Deur kerke te bou, sending- en evangelisasiewerk te doen, en betrokkenheid by gemeenskapsprojekte en op politieke en sosiale gebied.

Peinsende taal

God word ontmoet in die innerlike wese van jou menswees deur meditasie, gebed en gewyde aanbidding in 'n spesifieke atmosfeer (klooster, retraite, gebedskapel).

Studerende taal

God word ontmoet in die waarheid van die Bybel as die Woord van God. Bybelstudie, Skriftuurlike preke, goeie teologie en 'n suiwer belydenis is van die basiese bestanddele van hierdie spiritualiteit.

Verhoudingstaal

Die klem val op die ontmoeting van God en mekaar in 'n atmosfeer van liefde. "Waar daar liefde is en deernis ... daar is God die Heer" (Lied 526).

Hierdie persoonlike ingesteldheid van elke persoon se eie menswees (taal van jou hart) is grondliggend (fundamenteel) vir al die keuses wat mense maak en standpunte wat hulle inneem. Die reaksie teen 'n bepaalde spiritualiteit spruit dikwels voort uit 'n subjektiewe negatiewe ervaring daarvan op 'n bepaalde tydstip.

• Woord en Tradisie

Die Reformasie het die klem laat val op die studie en uitleg van die Bybel as die Woord van God wat rigtinggewend vir die kerklike- en geloofslewe moet wees. Hierdie insigte het neerslag gevind in die belydenisskrifte as geloofsgetuienisse. Die belydenisskrifte was 'n poging om die lewe van die gelowige en inhoud van wat die kerk op grond van die Bybel as die Woord van God glo, bymekaar te bring in die lig van die vraagstukke van daardie tyd.

Die Reformasie was 'n herontdekking van die evangelie as bevrydende waarheid. In dié sin het die Reformasie hom die verste gedistansieer van die heidendom (AA van Ruler). Enige vorm van natuurlike gelowigheid wat die evangelie van God se genade in Christus vertroebel het, is afgewys. Die wese van die heidense religie lê daarin dat die mens God kan behaag of kan omhaal met goeie dade, offers of kultiese handelinge sodat Hy aan die mens se diepste wense kan voldoen (do ut des). So 'n religie van verdienste en werkgeregtigheid, waarvan die selfverlossingsdrang die diepste wortel is, kan geen ware heilsekerheid bied nie (Jonker WD, Bevrydende Waarheid, p 24-25). Die ontdekking van die Woordkarakter van die heil was die belangrikste ontdekking van die Reformasie. Die heil (verlossing) is gesien as 'n soewereine en vrye genadegawe van God wat Hy aan die sondaar skenk sonder enige verdienste van sy/haar kant. Elkeen wat deur die geloof vrygespreek is op grond van die soenverdienste van Jesus Christus, word aangespoor om heilig te lewe.

Deur die krag van gebed en in gehoorsaamheid aan die wet, breek die koninkryk van God nou reeds in die wêreld deur. Die noue verbondenheid tussen Woord en Gees was iets nuuts (novum) in die geskiedenis van die kerk (Jonker, p278).

BAKENS VIR 'N GESPREK

Vir die gesprek oor spiritualiteit moet met die volgende aspekte rekening gehou word.

- Die deelnemers aan die gesprek posisioneer hulleself op 'n bepaalde vlak van spiritualiteit. Indien die aksente op die rol van die Woord en Gees soos in gereformeerde belydenis bely, verwerp word, stel die persoon hom-/haarself buite die gereformeerde spiritualiteit. Indien daarmee saam die uniekheid van Christus se persoon en werk verwerp word, stel die persoon hom-/haarself buite die Christelike spiritualiteit. Sodanige algemene spiritualiteit is in teologiese terme 'n natuurlike teologie of 'n filosofie wat die heil (verlossing) buite Christus verkondig.
- Spiritualiteit as 'n verstaans- en ervarings-proses is in die eerste plek persoonlik gekleur en word gerig deur elke mens se eie persoonlike geloofsingesteldheid wat méér is as sy/haar rasionele insigte.
- Die kontekste waarin spiritualiteit beoefen word, volg mekaar nie noodwendig kronologies op nie en kan nie logies geskei word nie. Om bepaalde redes speel sekere tendense op 'n sekere tydstip 'n groter rol as ander.
- 'n Persoon wat die Christelike en/of Christelike gereformeerde spiritualiteit afwys, moet seker maak hy/sy het die oorspronklike bedoeling daarvan reg verstaan en reageer nie op karikature wat daarvan geskep is of geskep word nie.

DIE CHRISTELIKE SPIRITUALITEIT SOOS DIT IN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE VERWOORD WORD

Hierdie spiritualiteit is besonder geskik om die uitdagings van die huidige tyd te kan aanspreek. Die gereformeerde spiritualiteit besit wesenlik 'n eie dinamika wat tot uitdrukking kom in 'n voortgaande groei (reformasie) in die gelowige se verhouding met God (liefdesverhouding/verbond). Deur die verhouding en die krag van die Heilige Gees word die gelowige meer van wat hy/sy reeds in Christus is. As die proses gestol het, is dit 'n deformasie van die oorspronklike bedoeling van die Reformasie.

Die uitgangspunt van die gereformeerde spiritualiteit in die soewereiniteit van God wat uit vrye genade handelend teenwoordig is en optree, skep die ruimte om in verwondering en aanbidding voor Hom te kan kom staan. Die enigste sekerheid van 'n mens se verlossing is die sekerheid wat buite jouself in God lê. Die Bybel is 'n betroubare getuienis van God se verhaal van verlossing en bevryding met sy volk/kerk in die verlede (heilshistoriese openbaring). Die hantering van die Bybel geskied onder leiding van die Heilige Gees en in gebed. Hierdie omgang met die Bybel sluit die wetenskaplike navorsing en nadenke in, maar gaan dit ook ver te bowe.

In die gereformeerde spiritualiteit skep die gehoorsame uitlewing van die Bybelse Boodskap uit dankbaarheid tot eer van God, die geleentheid vir 'n daadwerklike ervaring van die betekenis van hierdie boodskap. Met geloofsintegriteit word daar meegewerk aan die koms van die koninkryk van God in hierdie wêreld – met die oog op die toekoms saam met Hom.

'n Gereformeerde spiritualiteit is daarop ingestel om die Christelike spiritualiteit vanuit 'n bepaalde vertrekpunt te verdiep. As sodanig kan en behoort die gereformeerde spiritualiteit verryk te word deur ander spiritualiteite binne die Christelike geloofstradisie en ook deur spiritualiteite in die wydste sin van die woord. God se werksaamheid is tog immers nie beperk tot 'n bepaalde kerk, geloofs-tradisie of persoon nie.

Geraadpleegde bron

Jonker, WD 1994 Bevrydende Waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Diagrammatiese voorstel